# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 27

> *Dawid het geen man of vrou laat lewe om na Gat toe te bring nie, want hy het gedink: anders verklik hulle ons en sê: "Dit*

> *is wat Dawid gedoen het.” Dit het hy gedoen so lank hy op die platteland by die Filistyne gewoon het. (vers 11)*

Vir ons as moderne lesers is Dawid se optrede onverdedigbaar. Talle mense het gevolglik groot vrae oor die gewelddadigheid van die Ou Testament in die dinge wat daarin beskryf word. Destyds was dit egter nie vreemd nie. Dit is hoe plundertogte gevoer is, en ons moet versigtig wees om ons moderne verstaan van menseregte aan die Bybelkarakters op te dring.
Tog is die saak ook nie só eenvoudig nie. Toe Dawid later koning geword het, was sy een groot droom om ’n tempel in Jerusalem te bou (2 Sam 7). Hoewel die profeet Natan aanvanklik gedink het dis ’n goeie idee, stuur die Here hom terug na Dawid om hom te keer. Die rede was dat Dawid te veel bloed vergiet het (1 Kron 22:8),
Ek weet nie wat Dawid anders moes doen in die sestien maande wat hy in Siklag gewoon het nie, maar dat God nie waardering gehad het nie vir die groot bloedspoor wat hy agtergelaat het, is onteenseglik.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026